# STROOM~OP

**AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL**
**AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL**
**Eerste Kwartaal 1994**

## AFFIES IS INTERNASIONAAL!!

*- deur Hanlie du Plessis*




Desember 1993 was 'n tyd waarin AHM se koor sy horisonne en kooroptredes verbreed het. Vir die eerste keer in die koor se geskiedenis was ons oorsee en waar is nou 'n beter plek om Kerstyd deur te bring as in Israel - met 'n knippie Egipte agterna?

Alhoewel die toer begin het met 'n noue kennismaking met "Egypt Air" en alles wat NIE werk by die lugredery nie, het ons vinnig besef watter voorreg ons te beurt geval het. In 'n skamele tien dae was ons deur woestyne, berge en dale, oasisse, mere en oseane.

'n Hoogtepunt was natuurlik die Dooie See, wat nuwe lewe gekry het toe veertig Affies hom bestorm het (reën was nie 'n faktor nie!). 'n Mens kan ook nie anders as om Jerusalem te onthou met sy basaar nie waar verkopers jou groet met 'n Afrikaanse "Goeie môre" en later net hulle koppe skud vir die Afrikaners wat hul glo bankrot bie!

Die toer het geëindig in Kaïro, waar dit 'n ander wêreld op Israel se voorstoep was. Die piramides en sfinks het ons laat snak na ons asems - al het party se harte nog gespring na die kameelrit.

Die doel van die toer het ons egter nie vergeet nie : om te sing! Ons was nie net sterre by die Internasionale Koorfees in Jerusalem nie, maar het ook in kerke, parke (en lughawens) koppe laat draai met Afrika in ons stemme.

Waar ons 1994 verwelkom het op Kaïro se lughawe, met die toer amper agter ons, het ons besef : die wêreld sal ons ken - ek sien haar wen!

**STEM**
**AFFIES X**
**AFFIES X**
**AFFIES X**

*Jean Els oortref haarself weer! Sien agterblad vir details!*



### EK SIEN HAAR PRAAT!



*Stephanie Fouché en Hanlie du Plessis was onderskeidelik die wenners van die Junior en Senior Afdeling van die ATKV Redenaarskompetisie. Baie geluk!*

### *Beste SA-Tennisspan*

Affies se onoorwonne tennisspelers doen dit weer! Hulle is en bly die beste tennisspan in die land. Die landswye Wayne Ferreira Tennistrofee is die sterre s'n.

Kolie van Zyl, Kevin Delport (kaptein), Nicolaas Alberts, Nico Prins, Ineal Dreyer, Pieter van Rooyen en Stefan du Toit (reserwe), is die gerekendes. Hulle bestuurder: Andre de Beer (oud-Affie) en organiseerder mej Eleonor Botha voorspel 'n segetog vir 1994.

Danie Visser, gewaardeerde oud-Affie tennisster, se teenwoordigheid langs die baan het hulle beslis aangespoor.

## STEM AFFIES

### "The team that stood the test of time"

### "Affie Guts"

- Quentin Harley

**Stem Affies! Viva Affies! Die Affies se beleid is toewyding en resultate. Affies maak nie net ydele beloftes nie. Hy bring jou blink bekers as bewys, soos die Interhoër- en Direkteurs seunsatletiektrofeë.**



### Interhoër

Wie kan 850 seuns teëgaan as hulle met soveel toewyding en gees elke hekkie op pad na oorwinning oorseil? Die resultate van die Interhoër atletiekbyeenkoms op 4 Maart te Pilditch spreek vanself. Om na vier jaar steeds met 82 punte voor die tweede span te eindig is geensins maklik nie, maar daarvoor het "Affie Guts" gesorg. Hierdie "Affie Guts" maak die verskil ...

Die Affiedirigente het, soos verlede jaar, weer met hulle lewendige voorkoms en ingewikkelde passies die trofee vir die beste dirigente gewen. Dis nou maar wors — net 'n Affie-boy kan vir 'n hele dag lank soos 'n mal ding rondspring, sonder om aan die sonbrand of hitte of moegheid te dink — en nog steeds goed lyk!

Gees? Hieroor hoef ek NIKS te sê nie! (Behalwe miskien dat ons met minder as 'n persent tweede is).

Net om nog meer klem op ons besondere standaard te plaas, is die Junior- en Senior Victor Ludorums van die Interhoër beide Affies. Dirk Dircksen is as Junior Victor Ludorum aangewys vir sy 100m hekkies o/15, waarin hy 1 175 Sasolpunte verower het, met 'n tyd van 13,1 sekondes. Werner Booysen was die senior man, met sy 1 065 Sasolpunte vir die 300m hekkies o/16 in 39 sekondes.

Die finale puntestand vir die seunskompetisie was as volg:

| | |
|---|---|
| Affies | 513 |
| Waterkloof | 413 |
| Menlopark | 327 |


### Direkteurs

Die afgelope jaar het die Direkteurstrofee vir atletiek soos die Direkteurstrofee vir tennis 'n bekende gesig geword. Nou het ons hom vir 'n vierde maal verower.

Hierdie jaar was daar sprake dat Affies, weens sy talle beserings, nie die pyp sou rook nie of ten minste nie so ver soos in die verlede sou kon nie — En dis al wat 'n Affie nodig het om hom tot nog hoër hoogtes te dryf.

| | |
|---|---|
| Affies | 339 |
| Waterkloof | 299 |
| Pietersburg | 270 |

En dan wil Affies hulde bring aan die belangrikstes in Affies. Daardie man wat sy beste lewer, selfs al maak hy vyfde of laaste klaar. Daardie persoon wat die hele dag met vlae in die hand, sy longe losgil om sy span aan te moedig. Die onbekende Affie, die stil, lojale Affie is die hart van die skool. Die onbekende Affie, is dikwels die ideale Affie.



**STEM AFFIES X**

## Koshuisbrakke? Nie hier nie!
## Nuwe koshuis geopen

**Amir Zarrabi -**

**Ongekende vreugde het geheers toe Affies se splinternuwe koshuis op Vrydag, 28 Janaurie tydens die skool se 74ste verjaarsdag amptelik geopen is. Dr Ken Paine, die Uitvoerende Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement, het die gedenkplaat onthul. Die koshuis is voorwaar 'n groot verjaarsdaggeskenk.**

Die koshuis van R1 miljoen is uniek deurdat dit die eerste koshuis is wat op die inisiatief van 'n skoolgemeenskap gebou is. Die entoesiasme was só groot dat die bouprojek binne vyf maande voltooi is — 'n spogstuk!

Die nuwe Affie trots kan 120 leerlinge huisves en spog ook met 'n ruim ontspanningslokaal. Die twee geboue is onderskeidelik twee en drie verdiepings hoog en na die stigterslede van die Afrikaanse Hoogere Skool: mnr Jan Joubert en ds Chris Neethling vernoem.

Die huislike atmosfeer is 'n groot bonus en word veral verkry deur die vrolik geruite gordyne, die gerieflike studieruimte en die feit dat met die berugte studiesaal weggedoen is. Die seniors studeer in hul kamers en dié juniors met 'n bo 70% gemiddeld ook!

Sonder die mildelike donasies sou die koshuis net 'n droom gebly het. Talle oud-Affies het hul lojaliteit jeens hul Alma Mater met hul ruim skenkings bewys. Só het baie ouers ook hul harte en beursies oopgemaak om dié projek van stapel te kon stuur. Die spogwoonsteleenhede vir die onderwysers is deur die

**Vervolg op bl 3**

### LEES BINNE

P. 3 S.A. Kleure
P. 12 Sportvroue
Sportman
Sportsterre




## 'n Resep om ontgroening te oorleef.

- Monique Joubert -


Bestanddele:

2 koppies uithouvermoë
1 groot glimlag
300ml ordentlikheid
1kg netheid
4kg gees
1,5 koppie windmakerigheid
1 skouer om op te huil
4tl maniere
1el geduld
LW: Benodig geen trane

Metode: Sif die windmakerigheid goed, totdat dit in nederigheid verander. Voeg 2 koppies uithouvermoë by om die nuwe nederige st.6e te help om die ontgroening te oorleef. Klits dan die 30ml ordentlikheid in 'n bak en voeg 4tl maniere by. Vou die 1 el geduld in. Smelt die een skouer om op te huil en voeg dit by die 1kg netheid en die 4kg gees. Meng alles saam in 'n bak. Bak dit in die harte van die st.6e vir 'n hele jaar lank. Versier met een groot glimlag.

Voldoende om 'n hele st. nuwe, nederige, ordentlike,gemanierde,geduldige begeesterde st.6e te verskaf.

*Wenk: Geen gebak kan 'n sukses wees as jy een van die bestanddele uitlaat nie. 'n st.6 is ook onvolledig sonder uithouvermoë, gees, netheid, maniere, geduld, ens. As 'n mens een van die bestanddele uitlaat, val die gebak plat en was al jou moeite verniet. Moenie dat ons st.6e 'n bestanddeel weglaat en die matrieks se harde werk tot niet laat gaan nie.



Carina Boshoff was een van 60 Transvalers wat 'n rit na Durban op Edu-Train meegemaak het.

## Groentjiekonsert

- Elmien Kraamwinkel -



Wat gemaak met 'n spul st.6-goggas wat Affieland binneval en alle rus en vrede verstoor? Wel, verdeel hulle vir drie weke onder die matrieks, laat hulle in die hande van die vier voogprefekte en voilà! Jy kry 150 afgeronde Affies en 'n groentjiekonsert - "Die trio se tog teen tyd"!

Alhoewel die groot geleentheid eers die aand van die 26e Januarie was, het menige st.6 haar naels stompies gebyt vir die optrede voor die matrieks in die oggend en die ouers in die aand.

Die aand het rampspoed ingetree. Die klankstelsel het toegeslaan - letterlik en figuurlik - en die aanvanklik vergete mikrofoon het 'n wil van sy eie geopenbaar.

Ten spyte van skarrelende prefekte het st.6'e en hul ouers 'n gesellige aand geniet en iewers tussen die Middeleeue en die sestigerjare het die verwarde goggas hul Affieburgerskap verdien op plekke soos goggaland, die Wielie-Walie-speelkamer en eindelik in die AHM-saal.


## St. 6 - Sosiaal

- Hanlie du Plessis -

14 Januarie was 'n dag waarna elke st.6-gogga uitgesien het: DIE EERSTE KENNISMAKING met Seunshoër (?)! Voor hulle egter die AHS-rugbyveld getref het, het die prefekte hulle eers onder hande geneem. Vinnig is skaam en kop-onderstebo-"bugs" in 'n "kitsch"-treffer-torre omskep - wat enige Liep sou laat snak na haar asem.

Dit was inderdaad die geval, want die seuntjies - met 'n hele paar knoffelhuisies agter die blad - was stomgeslaan en het dadelik 'n meisie gekies (alles het wind-af geskied twv die knoffelreuk!) Die prefekte was emosioneel en moes net gryp na eiers, vrot tamaties, meel en toutjies (om te kou) om te keer dat die sesse verveeld raak.

Na twee ure se "pret en plesier" is die glimlaggende st.6'e en moeë, vuil Prefekte huis toe. Nog 'n st.6-eskapade was agter die rug.



## Koorkamp

- Zelmari Coetzee -

Op Vrydag, 11 Februarie 1994, om 22:30 strompel Meisieshoër se koor die Olyfbergkampterrein moeg binne. Al verskil is dat ons ons die keer in Suid-Afrika en nie in Israel nie, bevind.


Na iets te ete het die st.9s en matrieks hulle matrasse ten volle waardeer, terwyl die st.7's en 8's hulleself op die grond tuis gemaak het. Vrydagaand se sewe ure slaap (!) is ten volle benut, want twee en 'n half weke se oefeninge sou in twee kort daggies ingepas word.

Saterdag se werksaamhede is met moeë oë en seer kele van die vorige aand begin. Na 'n dag gevul met baie oefen, baie kos en besonder baie reën, is die aand met baie minder lig as gewoonlik geopen met die beoordeling van almal se poging om so outyds as moontlik te lyk. Die hoogtepunt sou egter nog kom.

Na aandete waarmee tannie Joy haarself weer oortref het, het die kampkonsert aangebreek. Dis ook goed 'n mens word nie siek van te veel lag nie, anders was daar nie veel toeskouers by die volgende atletiekbyeenkoms nie. Die konsert is geopen met Mof en Mat en hul vyf bokmaters se kaskenades. Na vele verduideliking weet sekere koorlede nou nog nie wie oorleef het of wie dood is nie.In die st.9's se aanbieding van Romeo en Juliet (Rommel en Jolyt) het almal geleer om nie selfmoord met 'n broodmes te pleeg nie. Dié aanbieding was dan ook die hoogtepunt van die aand. Sondagoggend was rustig met kampkerk en 'n wandeling teen die berg op vir die wat nie te styf was na die kampkonsert nie. Na die laaste oefening en 'n bietjie hulp van die buurman om die bus uit 'n modderpoel te kry, is almal terug na Pretoria - of wat van Pretoria oorgebly het na die wolkbreuk.

Ek dink dit was die lekkerste, natste en donkerste koorkamp nog, al het die orrel nie so goed saamgewerk soos die koorlede nie. Daar was egter genoeg blaarslaai om almal gelukkig te hou - vra enige koorlid vir meer besonderhede. Dankie juffrou Elmi, juffrou Visser en tannie Joy vir nog 'n puik koorkamp!





## Mej. Valentyn '94

- Carina Boshoff -

Die glansgeleentheid van die jaar het op 10 Februarie plaasgevind en dit was 'n reuse sukses. Al die voorafgaande reëlings en die aand self is baie professioneel hanteer. Baie moeite is ook gedoen om die aand vir die deelnemers seepglad te laat verloop. Die finaliste se hare is voor die tyd by "Adam and Eve" in Brooklyn laat doen en het fantasties gelyk ten spyte van 'n paar snaakse voorwerpe...

Klere van Edgars, Zoot en ook die meisies se eie keuses is gemodelleer en het sekeres in die gehoor heel jaloers laat voel. Soos gewoonlik was die formele drag die hoogtepunt van die aand. Dit het almal beslis na hulle asems laat snak - nie net die rokke nie, maar die ander swart geklede figure het heelwat applous verdien.

Die beoordelaars, oa 'n haarkapper uit Frankryk, het 'n moeilike besluit gehad want elke meisie was beslis 'n wenner. Maar dit sou die gehoor nie tevrede stel nie. Celesté Pretorius in st.7 was die junior wenner en Roxana Fuchs in st.9 het die senior kroon verwerf.

Mej. Valentyn '94 was definitief die beste ooit, behalwe vir die paar valse klanke wat so tussendeur gehoor is. Die st.8's sal maar nou al moet begin werk as hulle enigsins die standaard van hierdie jaar se st.9's wil handhaaf. Ons sien baie uit na al die ander projekte hierdie jaar en ons weet dat ook dit reuse suksesse sal wees.



Voorstelle vir 'n nuwe keppie.

## Koshuissosiaal

- Marlize Maré -


24 Februarie 1994. Betreffende hierdie datum was daar amper net so veel onderhandelings en samesprekings as oor 27 April. Na vele spekulasie en nadat verneem is dat die seuns tog nie Girls High se koshuis bo ons gesel-skap verkies nie, is daar ter elfder ure reëlings getref vir die kwartaallikse koshuissosiaal.

Die aand het afgeskop met 'n opwindende voetbalwedstryd tussen die seuns se dorp- en koshuisspanne. Nodeloos om te sê, het die koshuis vinnig voorgeloop, maar die wedstryd moes ongelukkig na 'n ruk gestaak word. Die voetbalbal was nie opgewasse teen die spelers se aanslae nie en het gebars! Daarna het almal na die meisies se LO-saal beweeg, waar gedans sou word. (Die gebeurlikhede was egter meer buite as binne die saal.)

Te midde van 'n paar dansende groepies en 'n meerderheid geselsende groepies, was daar darem 'n paar hoogtepunte. Fanie in matriek het gesorg vir gróót opwinding deur 'n...uhm "interessante" vertoning te lewer. Aan die einde van die aand was dit moeilik om sekere st.6 Juliets van hulle st.7 Romeo's te skei, maar sekere persone, bv Chris-Mart Peypers (wat koeldrankdiewe moes afweer) was verheug om koshuiswaarts te keer. Hoogenhouters was egter verseker van 'n veilige aankoms, juis omdat 'n báie kwaai juffrou en haar vriend hulle vergesél het.

Daar bestaan twyfel of die volgende sosiaal ook soveel opwinding kan inhou, maar ons sien nietemin uit daarna!

# Hy kan sy bors uitstoot!



*Om 'n klompie borshare prys te gee om jou lojaliteit teenoor jou skool te bewys is 'n nietigheid wanneer jy 'n Affie is. Jan Serfontein, het Vrydag op Pilditch by Rentmeester se Interhoër-atletiekbyeenkoms vir die A-bonde geen geheim gemaak wie hy ondersteun nie. Met die "brandmerk" het hy ook verseker dat hy nie met enige van die ander skole se leerlinge verwar word nie.*

## *Politieke Propaganda is deuslaggewend*

***Lourens Kruger se toespraak***

**Ek heet u met graagte welkom hier by vandag se geleentheid. Soos u se geleentheid. Dit is vandag die eerste maal in die 74 jarige bestaan van die Afrikaanse Hoër Seunskool dat ons 'n vrye en demokratiese verkiesing hier by Pilditch, Pretoria sal hê.**

Dit is 'n droom wat vir Affies bewaarheid word en almal wat vandag hier tesame is, vir 74 jaar het ons geveg en gelei vir **Jou** en Afrikaans. Ons was daar vir jou, gaan jy daar vir ons wees?

Ek roep u op tot aksie en harde werk soos nog nooit tevore nie! As elke Affie-ondersteuner, net een ander kieser oortuig om vir AHS te stem, is ons verreweg die grootste en magtigste party in die nuwe skoolsisteem.

Ons doelwit is 'n verkiesingsuitslag wat die Afrikaanse Hoër Seunskool ferm sal vestig in 'n leiersrol, nie net in SA nie. Nee! In die hele wêreld! Dis binne ons en jou bereik.

Moenie vra wat Affies vir jou kan doen nie, vra wat jy vir Affies kan doen. Die vyand is nou hier in ons midde. Hulle skuil in die klowe en parke hier om ons. Jy mag dalk vra, watter kloof? Ek sê jou nou. In elke kloof, en selfs in die nuwe grasfonteine.


Die VYAND bly gevaarlik en onbetroubaar en hulle moet op hul plek gesit word. Net Affies kan die VYAND effektief by die stembus teenstaan. Dit is tog bekend: AFFIES is gevrees. Die volgende waarskuwing rig ek dan nou ook aan die Blou. Ons waarsku jou Blou. Daar gaan dié keer meer as net water vloei. Maar ek verseker jou "een blou, een waterbom".

Op die volgende uitlating deur die groot Beker "as jy nie 'n atleet kan kweek nie, dan koop jy 'n atleet" wil ek graag die volgende kommentaar lewer. Die AHS is fundamenteel teen die vryemark kopende atleet- en rugbyspeleraksies gekant. Ons staan onwrikbaar vir ons taal, ons nasie en ons land. Maar tradisie kan slegs geskep word deur die groei van inisiatief en harde werk en nie deur blou tjeks en bankrekeninge nie.

Daar is niks wat Affies nie kan regmaak nie. 'n Stem teen die gevreesde Affies is 'n verlore stem gemaak deur 'n verloorder. Maak seker dat jou kamstige rede nie 'n selfsugtige verskoning is nie. Stem Afrikaans, stem AHS, stem vir Afrikaanse Hoër Seunskool, Stem vir Affies!

"Laat daar lig wees".



# Hy kan sy rug draai!

**STEM AFFIES X AFFIES X**

# *VIVA AFFIES*
# *Laat die lig brand*

***Chris Swart***

**STEM AFFIES X AFFIES X**



*Jan-Hendrik Beetge, Chris Swart, Johan Schoeman, Lourens Kruger, Jacques le Roux, Siegfried Assor, Riaan Ferreira.*

**1994. Uiteindelik die groot TIEN. Vir die hele matriekgroep het die grootste taak van hulle jong, onskuldige lewens voor hulle gelê: lei Affies deur 'n beter jaar as die vorige.**

In die episentrum van hierdie Affie-aardbeuring was die dirigente. Ons het die hitte gevoel, moenie foutmaak nie. Vol vertwyfeling, maar optimisties het ons hierdie rodeobul bestyg, en ons het hom gery dat hy weet wie sy ma is.

Nie sonder haakplekke, het ons bereik wat ons het nie. Ons moes teen storms van JP en mnr Du Plessis se tydelike negatiwiteitskrisisse inmarsjeer. Ons moes **probeer** (let wel) om Scrooge net vir 'n paar uur op hiérdie aarde te hou voordat hy weer op 'n verbeeldingsvlug vertrek na sy eie eenmansvertoning. Niks sal gesê word van die "Beatless-One" onder ons, wat ons deurgaans wou oortuig dat hy eintlik ritme hét, maar dit net bêre vir later. Dan, natuurlik, president Robert Smith se skielike stilswye, wat voor hom uitstaar soos 'n digter in die Dorsland, op soek na 'n plekkie om sy klarinet te kielie.

Picasso en Anton se hulp met die klere en bewegings, en Pavarotti se goeie aanvoeling vir die liedjies, het ons die hele pad gedra na oorwinning. Hulle verdien meer erkenning as wat hulle kry. Bravo!

Die tema was hierdie jaar briljant. Dit was so uniek dat dit nooit weer so effektief gebruik sal kan word nie. Net soos ons geliefde Suid-Afrika, betree Affies ook 'n nuwe era. Daar's baie veranderings en uitdagings wat voorlê. Tradisie en trots sal seëvier.

Aan 1995 se dirigente: sterkte, julle moet opleef na uitsonderlike standaarde. Verwag 'n skarrel na balans tussen die verwagting van rebelsheid van die gepeupel, óf, groot verantwoordelikheid van die hoof af en dissipline van die onderwysers af. Maar bo alles moet jy 'n Affie-hart hê wat 'n leeu se bloed sal laat kook (Sieg).

Dan, die volk, die Affie-volk. Ons is 'n deel van julle wat julle verteenwoordig. Ons is julle. Sonder julle is ons niks. Ons besef dat die dirigente net 'n meganisme of objek is wat Affies se gees verder moet stook en dit in die regte rigting lei. Die skool se gees is goed, dis 'n leefwyse, dit word partykeer bedreig deur negatiewe elemente in ons midde en ook van buite (Blou), maar een ding dra dit deur: AFFIE-GUTS.

## *Wenner Landswye Tekkies / Poltech Kompetisie*

**Ockie Kruger**



**Tekkies het 'n kompetisie in samewerking met Poltech aangebied: Omgewingsoudit of omgewingstudie. Jy moes die omgewing tov die plante- en dierelewer, besoedeling, menslike bedrywighede en ontwikkeling ontleed.**

My taak was die Colbynvallei in Colbyn, 'n Vleiland- en Veenland gebied.

Hy het die navorsing by die universiteit gedoen, uit die studente se werke wat reeds studies oor die vallei gedoen het. Hy moes ook aanbevelings doen oor die ontwikkeling van die vallei.

Sy aanbevelings was om die vallei 'n reservaat te omskep of 'n beskermde gebied sodat dit ontoeganklik kan wees vir motors. Wandelpaaie moet ook uitgelê word sodat mense bewus kan word van die mooi omgewing.

Vyf finaliste is gekies uit die hele 'land", maar daar is slegs een wenner: Ockie Kruger. Hy wen 'n Nashua rekenaar en verskyn op Tekkies.


Die rede waarom hy die Colbynvallei gekies het, was omdat inwoners van Colbyn al baie lank probeer om die gebied te bewaar.

**Vervolg van p1**

Transvaalse Onderwysdepartement gefinansier.

Die koshuis is nog 'n bousteen tot vooruitgang. Dr Paine se woorde tydens die opening van die koshuis, som die projek goed op: "... die koshuis is 'n simbool van vertrou in die toekoms ...".

Die wete is daar dat die hoop nie beskaam nie: die "hart" van Affies sal altyd sterk klop en daar sal altyd lig wees!






**'n Musikale Hoogtepunt op die Musiekkalender die Musiekaand. Viva la music!**



## *Bereken x as :*

$$\frac{1994}{\sqrt{1995}} = \sqrt[s]{17\pi}\left(\frac{1-(1-x)^{-200}}{x}\right)$$

# Affies neig weer na louere

**— J Murray v Schalkwyk**

**Wat 1993 se akademie betref, het die punte-oes weer eens 'n reuse sukses. In terme van gemiddeldes en onderskeidings, was dit naas 1992, die beste sedert 1984. Veral die natuuwetenskappe (Wiskunde en Natuur- en Skeikunde) en Rekenaarstudie het uitmuntende prestasies opgelewer. Die amptelike tale blink ook uit!**

Die twee toppresteerders was Richard Franklin en Theo van Wyk, beide met 7 onderskeidings. Die skool se algehele prestasies is ook beduidend hoër in vergelyking met Oostelike Pretoria, asook met Transvaal.

Vir die afgelope paar jaar kan die skool ook daarop roem dat die standerd 10 opstuurpunte 100% in die kol is — verseker deur die deurlopende hoë standaarde van standerd 6-10.

Die jaar het nog nie baie kilometers op nie, maar die potensiaal, volgens die matrikulante se st 9-punte, lyk belowender as ooit. Maar die kuiken is nog nie uit die eier nie en 'n harde dragtydperk van 4 eksamens lê nog en wag.

Slegs 'n spanpoging tussen die personeel, leerlinge en ouers kan hierdie puik prestasies weer oplewer.



Stephan Jooste (st 8), Jac Joubert en Michael Gordon (st 9) glimlag nie verniet só breed nie. Hulle het "maalvleis" van Tukkies se landswye Wiskunde kompetisie gemaak en onder die Top 20 bestes geëindig.

Van die 90 skole, 1 500 leerlinge, het die slimkoppe gemaak dat hule "aanslag" op die Wiskunde Affies as die bes presterende Afrikaanse TOD-skool uit die stryd laat tree het.



# Só lyk 'n Affie-voorloper se CURRICULUM VITAE Marinus Weichers

- Rektor UNISA

**Geboortedatum:** 14 Oktober 1937.
**Skool- en akademiese loopbaan:** Laerskool Pretoria-Oos (1949); Afrikaanse Hoër Seunskool (1954, onderskeidings Latyn en Natuur- en Skeikunde); BA (Regte) en LL B (1960 UP); LL D(1965 UP).
**Oorsese studie:** Regsfakulteit Universiteit van Parys (1962-63; 1968); *Institute for Advanced Legal Studies* London 9162); *Max Planck Institut für Völkerrecht und Offentliches Recht* Heidelberg (1974); *Colegio de Estudios Hispánicos* Salamanca (1985); *Max Planck Institut für Völkerrecht und Offentliches Recht* Heidelberg (1992).
**Doseerfunksie:** Lektor aan die Regsfakulteit Unisa (1960); snr lektor (1961); professor (1966); Doseer staats-, administratief- en volkereg; tree op as studieleier/promotor vir 22 suksesvolle doktors- en 19 magisterkandidate. Deeltydse doseerposte: UP (1960 en 1965); RAU (1972); *Université René Descartes & Ecole des Hautes Etudes Internationales* (1992). Eksterne erksaminator op voorgraadse en nagraadse vlak: Universiteite van die Witwatersrand, Kaapstad, Natal, RAU, Fort Hare, Durban-Westville, Bophuthatswana, Zululand, UR en Stellenbosch, Lesingtoer aan twaalf Europese stede Buitelandse Sake (1991), werkswinkel *VN Sentrum vir menseregte Genève* (1991).
**Pryse, beurse en toekennings:** *Van der Merwe*-prys vir die beste voor-finale jaar LL B-student (UP 1958); *Grotius*penning vir beste finale jaar LL B-student (UP 1959); *Bliss*-prys vir beste prestasie in Siviele Prosesreg (UP 1959); *Webb*-beurs vir nagraadse studie (1960); oorsese studiebeurs Nasionale Raad vir Opvoedkundige Navorsing (1962); *Butterworth*-prys vir beste eerstelingpublikasie (1962); beurs Franse Ministerie vir Kultuursake (1968); beurs van *Deutscher Akademischer Austaushdienst* (1968); reisbeurs van *Carnegie Foundation* (1968); reisbeurs United States — *SA Leader Exchange* (1973); *Alexander von Humboldtstipendium* (1974 en 1992); reisuitnodigings van die Britse Foreign office (1978) en Amerikaanse State Department 1979); gas van die Amerikaanse National Endowment for the Humanities ter viering van die 200 jarige bestaan van die Amerikaanse Grondwet (1987), Raadstoekenning vir akademiese meriete (1988, 1991); gas Franse Ministerie van Buitelandse Sake (1992).
**Bestuursliggame, Universiteit van Suid-Afrika:** Departementshoof 1971-1979; 1983-85; 1988-; lid Universiteitsraad 1979-1981, 1981-; lid Uitvoerende Komitee van die Senaat 1975-1976; 1979-1980; 1983; 1987-88; 1990-91; voorsitter Dosente-vereniging 1976-1977; assistent van die rektor 1970; direkteur Instituut vir Buitelandse Reg en Regsvergelyking 1981-1983; voorsitter regshulpsentrum 1980-; lid kunsgalerykomitee 1979-; lid Raadsfinansiekomitee en Ouditkomitee; bestuurslid VerLoren van Themaatsentrum vir Publiekregtelike Studies 1990.
**Bestuursliggame, ander universiteite:** Lid raad Universiteit van Bophuthatswana 1979-1987; lid senaat Universiteit Durban-Westville 1982-1984.
**Publikasies en geskrifte:** *Die Sistematiek van die Administratiefreg*, LLD tesis UP (1965); *Verloren van Themaat-Staatsreg* 2e (1967) en 3e (1981) uitgawes; *Administratiefreg/Administrative Law* 2e uitgawe (1984); "Administrative Law" in Joubert (red) *Law of South Africa* (1993); 'n *Politieke Idiotikon/SA Constitutional Terms — A Guide* (1988) en ongeveer 100 artikels, hoofstukke, vonnisbesprekings, aantekeninge en korter bydraes, resensies in binnelandse en buitelandse regstydskrifte, bundels, algemene tydskrifte en nuusblaaie.
Lid van redaksionele komitees en adviesrade van *SA Yearbook of International Law, Transkei Law Journal. SA Journal on Human Rights, SA Publiekreg, Prospects — SA in the Nineties.* Ongeveer 55 referate en gepubliseerde voordragte gelewer op binnelandse en buitelandse kongresse, konferensies en simposia.
**Professionele kwalifikasies en buite-universitêre aktiwiteite:** Advokaat van die Hooggeregshof van Suid-Afrika; regsverteenwoordiger van die SA Regering ivm SWA-aangeleenthede voor die Wêreldhof (1970-1971); regsadviseur Theronkommissie oor Kleurlingaangeleenthede (1974-1975); regsadviseur Damara- en Tswana-groepe in die Turnhalle-staatkundige beraad (1976-1977) konstitusionele adviseur vir regerings van Bophuthatswana (1977) en Ciskei (1980); lid en voorsitter van konstitusionele komitee Buthelezi-kommissie (1980-1982); lid van hoofkomitee en voorsitter konstitusionele werkgroep van die RGN-ondersoek na tussengroepverhoudinge (1983-1985); regsadviseur Nasionale Vervoerbeleidstudie (1984-1986); regs- en konstitusionele adviseur SA Federasie van Nywerheidskamers (1985-1987); lid verskeie RGN-komitees; mede-opsteller van die Grondwet van Namibië (1990); lid Tegniese Konstitusionele Komitee, Veelpartyberaad (1993).
**Beroeps- en ander verenigings.** Lid SA Akademie vir Wetenskap en Kuns; lid eksamenraad SA Instituut vir Organisasie en Metode (1964-1966); bestuurslid *Alliance Francaise* Pretoria (1961-1962); bestuurslid Regslui vir Menseregte, Pretoria (1985-87); lid van: SA Klassieke Vereniging, Afrikaanse Calvinistiese Beweging, SA Vereniging vir die Bevordering van Chirstelike Wetenskap, Oudstudentebond Universiteit van Pretoria, Vriende van die Pretoriase Kunsmuseum, SA Instituut vir Internasionale Aangeleenthede, Simon van der Stelstigting, *Sociéte de Législation Comparée*, Afrika-Instituut, SA Ontwikkelingsvereniging, Vereniging van Universiteitsdosente in die Regte, Society of Public Teachers of Law; Voorsitter Pretoriase en Noord-Transvaalse Vereniging van Geestesgesondheid (1970-87); dagbestuurslid van die SA Nasionale Raad vir Geestesgesondheid (1976-88); ere-president SA Nasionale Raad vir Geestesgesondheid (1986-88).
**Persoonlike besonderhede:** Getroud met Isa (gebore Steynberg), hul seuns is Coert en Sybrand en hul dogter Elisabeth.

## 'n Uittreksel uit prof Wiechers se brief aan dr Edwards:

*As hoërskoolseun het ek altyd die ideaal gehad om onderwyser aan Affies te word ... Mens moet seker later aanvaar dat alle ideale nie vervul word nie, maar dit verminder nie die lojlaiteit en liefde wat ek steeds vir my Alma Mater koester nie. Wees verseker van my innigste dank en diep dankbaarheid vir daardie jare van vorming en steun. Met mooi wense en hartlik groete.*

***Die Affies eer dié groot Affiegees!***

## Redenaarwenners

St 6 A-span: B "Nerd". 1. Alexander Antonitus 2. Fanie Joubert 3. David Swanepoel 4. Ian Dubery. St 6 B-span: B+ Wenners, 1.Stefan Ferreire 2. Johan van Graan 3. Pieter vd Spuy 4. Johan Bleeker. (Mev K Veldsman)

St 7 A-span: A "Kleure" Dana Niehaus" 1. Jason Riley 2. Theo Ferreira 3. Johandries Combrink 4. Retief Burger. St 7 B-span: B "Die lied van jong Suid-Afrika" 1. George Minaar 2. Wiersche Calitz 3. Cloete van Heerden.
(Mnr D Heyns).

St 8 A-span: A- "Boesmanland" 1. John Jones 2. Etienne Raymond 3. Emile Rademeyer 4. Lourens van Schalkwyk.
St 9
A-span: B+ "Lord, what fools these mortals be" Shakespeare.
Amir Zarrabi, Jac Joubert, Jacques Malan, Andreas Laubscher. Die span het vir die Engelse weergawe onder leiding van mnr W Dyer 'n A-simbool verwerf.
B-span:
B "First thing we do, let's kill all the lawyers".
Willie Wessels, John North, Michael Gordon, Jaco Crous. (Mev T le Roux).
St 7 Engelse Redenaarspan: Ryno Jacobs, Herman Blighnaut, BJ van Zyl, Retief Burger. Onderwerp "With a little help from my friends" (Mnr J Nel).
St 8 Engelse Redenaarspan: Onderwerp: There's a shadow huying over me. Allen Sim, Gert Luns, Carlos Coetzee, Stephen Jooste. (Mev M Saayman).
Boks: Basjan Rothmann (matriek 1993) is die middelgewig SA-Amateurbokskampioen vir beginners.

# Noord-Transvaal en SA-kleure

**Die Affie-mannetjies maak nie speletjies nie — hulle versamel Noord-Transvaal en SA kleure!! Só lees die oorwinnings en provinsiale en nasionale kleurverwerwers.**

Sagtebal: Noord-Transvaalkleure vir Henk Venter, Sheldon Heuer (George Heuer en Stefen Louw, matrikulante 1993). Die Heuers het ook vir die o/21, o/23 en Senior A-span gespeel.

Krieket lewer sy skitter sterre op: Francois Viljoen o/19 Noord-Transvaalspan. Pieter van Rooyen en Nicolaas Alberts, o/15-span tot Desember en hul word beide gedurende die Februarie-proewe vir die Noord-Transvaal o/19-span gekies. Affies se goeie draaibouler en kolwer, Deon Strydom, het weer eens die o/19-span gehaal en is ook as die kaptein verkies.

Gholf: ons eie Gary Player, Martin Maritz het tweede gekom in die Pretoria Buiteklub Senior Toernooi. In die Bell's SA-Amateurkampioenskap in Kaapstad het hy tot die semi-finaal in die putjiespel deurgedring — en hy behaal 'n derde plek in die land. Sapa berig:

**"Out of the rough for mature Maritz**

Northern Transvaal's Martin Maritz, the lanky 16-year-old from Pretoria Country Club, provided the shock of the morning at the SA Amateur Golf championships at Royal Cape by knocking out Transvaal's Barry Sundelson yesterday."

Bofbal: Michael Gordon is in die o/17-Noord-Transvaal bofbalspan. Hy is ook die rekordhouer van onder 10 SA rekord vir die meeste bofhoue (home runs) in 'n westryd — 4!

**Tweekamp en driekamp uitblinker, Brett Faure, gaan steeds van krag tot krag. Sy prestasies:**

1993-seisoen: duathlon, derde plek op Rustenburg; twee eerste plekke op die Noord-Transvaal Junior Kampioenskappe; sesde op die Suid-Afrikaanse Tweekampkampioenskappe.

1994-seisoen: triathlon: derde en vierde in die Junior Sprintmankompetisie; vyftiende in die Noord-Transvaal Driekampkampioenskappe; sewende in die Suid-Afrikaanse Driekampkampioenskappe (waar slegs drie Suid-Afrikaners klaargemaak het).

Skerm: handig met 'n sabel : Dawie Booysen en Marcus Norden het beide Noord-Transvaalkleure verwerf en gaan die land in Maart op die o/20-wêreldkampioenskappe in Meksiko verteenwoordig.

Onderwaterhokkie: die Nasionale Kampioenskappe in die Strand gedurende Maart het uitblinkers opgelewer. Affies in die Noord-Transvaal A-span: Gerhard Kotze, André du Plessis, Jean du Plessis en Tjaart J van Rensburg. In die B-span: Johan van den Berg en Van Zyl Alberts.

Jean du Plessis en Tjaart J van Rensburg is ook gekies om vir die Nasionale oefengroep in September aan die proewe deel te neem. Die span sal Suid-Afrika teen Nieu-Zeeland verteenwoordig in 'n internasionale kampioenskap in Suid-Afrika.




Orkeslede van formaat is: Heinke Kriel en Freddie Holding. Albei is lede van die gesogde Noord-Transvaal Jeugorkes en die Pro Arte Simfonieorkes. Neels Kruger is ook 'n lid van die Noord-Transvaal Jeugorkes.

## Tennisprestasies!

**Kolie von Zyl en Kevin Delport is die nommer een en twee tennisspelers van Noord-Transvaal. Hulle is dan ook gekies vir die Noord-Transvaalse Interprovinsiale Junior Tennisspan.**

Kolie von Zyl is een van die 3 beste junior tennisspelers in Suid-Afrika. Hy is uitgenooit om op Sun City in 'n toernooi te speel bestaande uit die beste vier o/16 en die beste vier o/18 spelers. Affies is baie trots op Kolie-hulle.

**Affies se eie skrywers! Mnre Visagie en Heyns se pennevrug het pas verskyn. Hierdie boek is 'n móét vir goeie stelwerk!**

**Navrae: mev T le Roux.**




# Atletiek nou verby?

**Suksesvolle Interhoër- en Direkteurstrofee-atletiekbyeenkomste lê nou agter die rug, en jammerlik moes ons hoor dat SASOL nie vanjaar plaasvind nie. Dit beteken dat die atletiek vir die meeste van ons verby is vir 1994 ... of nee, nog nie.**

Ons is elkeen eintlik 'n atleet in 'n veel belangriker wedloop as selfs die Olimpiese Spele. Die wedloop van die lewe. Gelukkig hoef 'n mens nie fisies soos 'n atleet te lyk ten einde te kwalifiseer nie! Die beeld wat die Hebreërskrywer in hoofstuk 12 vese 1-3 skets, lig ons as langafstand-atlete uit.

Die toeskouers (afgestorwenes) is toejuigend op die pawiljoen (hemel). In dié wedloop is wen nie so belangrik nie, klaarmaak is. Elkeen wat tot by die wenpaal vasbyt, kry 'n medalje.

As jy daarin belangstel om jou wedloop klaar te maak en boonop goed te hol volg dié Bybelse raad:
1. Gooi af en wag dié dinge wat jou kniehalter in die gees. hetsy bitterheid, onvergewingsgesindheid, depressiwiteit of 'n selfbeeldkompleks — doen weg daarmee; dit help jou niks.
2. Hardloop met 'n selfversekerde pas; dis nie 'n 100m naelloop nie, maar 'n lewenslange wedloop. Handhaaf jou pas teen op-en-afdraendes.
3. Hou jou oë op Jesus Christus, jou beste vriend, anders gaan jy verseker die pad byster raak. Hy ken dit, want Hy's reeds daardeur.

# "Wildefees too"

- Philippus Venter

**Die Afrikaanse Hoër Seunskool het goeie nuus vir 'n ieder en elk. Almal wat die belange van Affies op die hart dra, word hartlik uitgenooi om die tweede Wildsfees mee te maak.**

Die groot saamtrek, sal op Affies se A-veld plaasvind op Saterdag, 13 Augustus 1994 om 18:00.

Die kaartjies is beskikbaar teen R60 vir volwassenes en R30 vir kinders (ouer as twaalf). Aangesien die vure van vreugde hoog gaan brand, word dit aanbeveel dat kinders onder twaalf die funksie liewer nie moet bywoon nie.

Elke registerklas is weer verantwoordelik vir 'n eie lapa. 'n Nuwe instelling is lapas vir oud-Affies. Daarom word oud-leerlinge uitgenooi om 'n lapa vir hulself te bespreek en 'n aand van ou herrinneringe te geniet. Besighede is welkom om 'n lapa te bespreek en om sodoende hulle personeel met 'n onvergeetlike aand te onthaal.

Verdere besonderhede is by die skool beskikbaar. Breek weg van die vaal, allerdaagse gebeure en geniet 'n betowerende aand ten bate van Affies.

## Redaksie

**Redakteur:** Quentin Harley.
**Akademiese redakteur** Murray J van Schalkwyk
**Kultuurredakteur:** André du Plessis.
**Sportredakteur:** Chris Swart.
**Verslaggewers:** John North, Jackie Kruger, Johandries Combrink, Hanke Kriel, Amir Zarrabi, Pieter Steyn, Willie Wessels, Jac Joubert, Jacques Malan, Walter Dunn, Scrooge.
**Hooffotograwe:** Hendrik van den Berg en Coenie de Villiers.

## Tradisiehoekie

- "Golden Oldie" -

Het jy al ooit gewens dat jy in die jare vyftigs 'n tiener was, want alles was mos toe so anders - ook in Affieland? Miskien moet jy eers weer 'n bietjie daaroor nadink want:

- In daardie jare was hoofrekene 'n nagmerrie in vergelyking met vandag se Wiskunde. Die brein en kladpapier was die plaasvervangers vir sakrekenaars en drukpotlode.
- Mini's en enige skrapse kleredrag was 'n sonde. Keppies was vyf dae 'n week hoogmode. Jy is voor die keuse gestel: keppie of 'n swaar straf.
- Wat ontspanning betref was 'n piekniek by die Fonteine die ekwivalent van 'n hedendaagse besoek aand die "Lost City".
- "Wild Bill's" en "Sports Frog" was ongekende voorregte - almal (Seunshoër ook) het in hulle massas saamgetrek om in die genot van "Ballroom dancing" en volkspele te deel. Die niggies in matriek het 'n wye verskeidenheid van aandrokke gehad waaruit hulle kon kies - nie net ons skrale tweetjies waaruit ons vir die matriekbal moet kies nie.
- Dekor by die matriekafskeid het uit eenvoudige silhoeëte van toekomstige beroepe bestaan. (St.9's, vergeet asb. dat julle hierdie punt gelees het.)
- Voortrekkerhaarstyle en -kappies is dikwels gedra, o.a. om gees te vang vir Interhoër!
- Een tradisie het darem deur die jare dieselfde gebly: geen seuns in ons klasse nie! Seunshoër moes toe meer dikwels agter heinings bly en 'n mens moes maar oor 'n afstand verlief raak!




KAN **JY**

- 40 feite in 10 min. memoriseer ?
- effektief konsentreer ?
- spanning hanteer ?
- jouself motiveer
- jou sportprestasies verbeter ?

Vir inligting oor kursusse wat bg. aanspreek, skakel
**Mev. Heyns**
**73-0173**




Die pragtige, nuwe gerestoureerde Musiekhuis.

## Aandag alle non-Latiniste!

12 goeie redes om Latyn te neem (soos ervaar deur die st.10-klas en hul magistra).

- Jy mag in die deur sit as jy gaap
- Dis 'n beroepsgerigte vak: jy leer nou al klein genoeg skryf sodat jy eendag as beroep Bybelversies op 'n speldekop kan skryf
- Jy ken die vlakste grappe in die skool
_ Jy mag maar 'n bietjie gewig optel want daar sal steeds genoeg plek in die klas wees
- Jy leer die toonhoogte van verskillende klokke ken
- Jy leer wat jy jou st.6 kan noem
- Jy versterk jou bande met Portugese, Italianers en Russe
- Jy leer die verskil tussen "smaak" en "proe" ken
- Jy leer jou humeur beteuel, veral as jy die magistra is
- Jy wag in spanning vir die lank beloofde "tap"-dans op die tafel maar neem kennis dat daar nie plek daarvoor is op 'n genie se tafel nie
- Latyn vul die oormaat ledige ure tot 'n mens se beskikking
- Die warm persoonlikhede sorg dat 'n mens nooit koud kry in die klas nie!




"Dokter", gil die pa, "die kind het 'n skeermeslem ingesluk!"
"Wat het jy intussen gedoen?" vra die dokter.
"Gelukkig het ek 'n elektriese skeermes ook..."

"Ek het my meisie gevra om met my te trou, maar toe sê sy ek moet eers haar pa vra. Toe ons by die huis kom, toe vra ek hom...maar hy wou ook nie met my trou nie."

## Huis Hoogenhout

- Marlize Maré -




Sunnyside sal nooit weer dieselfde wees nie, want op die hoek van Rissik- en Troyestraat het 'n besondere groep intrekkers 'n tuiste in 'n "nuwe" koshuis gevind.

Ongeveer twee jaar gelede het die Bestuursraad besef dat daar 'n behoefte aan nog 'n koshuis bestaan en is daar besluit om Huis Hoogenhout - 'n ou Normaal Kollegekoshuis in besit te neem. Dit was nie lank nie of die koshuis was ten volle gerestoureer en gereed om inwoners teen die elfde Januarie 1994 in te neem.

Aanvanklik was die ongeveer 40 nuwe koshuisboorlinge baie skrikkerig vir al die nuwighede, maar hulle is gou verwelkom deur die koshuishoof, mev van Eeden. Bygestaan deur mev Greeff, ander personeellede en twee flinke koshuisleiers, Colette du Plooy en Marlize Maré is alle kwelvrae beantwoord en is almal min of meer tevrede bed toe.

Al is daar maar relatief min inwoners, ontbreek dit hulle glad nie aan gees nie - veral nie die seniors nie! Ten spyte van die feit dat hulle nog net 'n kort rukkie hier woon, is daar al 'n hele paar staaltjies van pret en plesier te vertel - van 'n skeerroomgeveg tot die brandweer wat 'n vuur probeer blus wat nie bestaan nie en natuurlik Naomi Bezuidenhout se hipnosestreke met 'n kers en 'n bord...

Hierdie Hoogenhouters is 'n heerlike hegte groep meisies wat met 'n traan van verlange na ma-hulle en 'n skaterlag van genot, van Huis Hoogenhout 'n koshuis der koshuise gaan maak. Met so 'n bobaas koshuis-hoof, personeel en entoesiastiese Affies, hoe kan dit anders?

## Alrita Scribante - Kultuur- en "Sports"vrou van die kwartaal

- Wenette Jacobs -



Alrita Scribante was op grond van haar volgehoue deelname aan kultuur- (en ander) aktiwiteite gedurende die afgelope twaalf jaar, asook haar sonderlinge prestasies tot kultuurvrou van die kwartaal verkies. Blokfluit, drama, skaak en redenaars tel onder haar kulturele bedrywighede. Sy het 'n voorliefde vir sang. Sy was dan ook 'n lid van die Noord-Transvaalse Jeugkoor en sy sing steeds in die skoolkoor.

Om as hoofdirigent verkies te word, was egter vir Alrita 'n hoogtepunt: dit was die verwesenliking van 'n lewenslange ideaal.

Buig of bars, kom wat wil, maak of breek: as Alrita haarself iets ten doel gestel het, laat sy haar deur niemand of niks stuit nie. Sy erken dan ook ruiterlik dat sy besluit het om hoofdirigent te word, die oomblik toe die betekenis van die woord tot haar deurgedring het. Alrita erken ook dat sy as dirigent "uitspattige hoogtes kon bereik. Sy is wel 'n ekstremis, maar sy het dit nog nooit oorweeg om Boerneef te kleur of te skeer nie. Sy is egter oortuig dat Meisieshoër die geesbeker moes gewen het. Haar boodskap aan die skool: "Moet nooit terugstaan vir 'n seun nie - dan sal jy bo uitkom."

V:"Wat is die noembaarste of mooiste stoutste kattekwaad wat jy al gedoen het?"
A: "Ek het Seunshoër se skoollied gesing en laat sing."
V: "Sou jy iemand anders wou wees indien jy gereïnkarneer kon word?"
A: "Ja, 'n introvert!" (Glo ons haar?)

Alrita sien die lewe as 'n doolhof waarin sy van tyd tot tyd dieselfde probleme verbysteek.

A: "Aanhouer wen, want so stap jy met elke tree nader aan dit wat jy wil bereik."
Ons wens Alrita baie sterkte toe met haar ideale:
-om matriek goed te slaag
- om 'n fantastiese matriekvakansie te hê
- om haar graad in Bestuurswese aan die Technikon te verwerf
- en om te begin geldmaak!



## Fondsinsameling

- Karlien Franken -

Noem die woord fondsinsameling en sy gee so 'n grynslaggie wat dan verander in die "ek-weet-iets-wat-jy-nie-weet-nie"-giggellaggie en dan die "jy-gaan-nog-swaarkry-suster"-uit-die-maag-lag!


En daar is hoegenaamd geen simpatie en medelye met die st.9-groep van 1994 nie. Terwyl ons "kringe in 'n bos loop" en ons "English" nie in "action" wil kom nie, poog ons om nuwe idees te kry om die tjekkie van R4.50 - geskenk deur 'n bekommerde ma - so 'n bietjie te laat groei.

Byna elke pouse praat ons, stry ons, beraam ons en verheug ons ons as 'n briljante idee of 'n breingolfie na ons kant toe rol. Arbeidsvreugde.

Soos sake nou staan, is "Country and Western" ons matrieks se voorland, maar as al ons droom en idees realiteite kan word, sal 'n sprokie meer eksoties en asemrowend as Alladin bewaarheid word.


**REDAKSIE '94**
**Redaktrise:** Hanlie du Plessis.
**Subredaktrise:** Wenette Jacobs, Ria Potgieter.
**Verslaggeefsters:** Elmien Kraamwinkel, Ria van Wyk, Liesel Bösenberg, Marlize Maré, Karin Jordaan, Karlien Franken, Zelmari Coetzee, Carina Boshoff, Annelet Jordaan, Madri Bleeker, Liane Mulder.
**Spotprenttekenaars:** Tanya Potgieter, Andri Greeff.
**Fotograwe:** Marleen Zarrabi, Da Silva Pietersen,Nadine Bober, Germari Pieterse.


Bladuitleg en kunswerk van AHM deur Susan Langeveldt Ateljees Tel.(012) 46 5110


THE TEAM THAT STOOD THE TEST OF TIME
High...
"Iets het beweeg"
Waar's daardie St 6 met my koeldrank
Wat ruik so ?
Tugkomitee
Gaan jy waai, of wil jy loop!?!
OOSDOOD
Kyk na my ski pants
Phillip Borman
Mej Van Loggerenberg
+ Bestuur / Wiskunde
= Ongeluk
"Simile"
DR.P.L.EDWARDS/ HOOF




Mev. Brummer, kom

Ek het tog my rybewys!

O, ek is 'n Affie - klouter

Ek gebruik AQUAFRESH!...

EK IS MAL . . . OOR VELDSKOOL!

Die kinders dryf my teen die mure uit!

"Chelsea Buns" is alweer uitverkoop!

My glimlag sê alles!

My Matriekbal-uitrusting??

En dis nie eers by 'n Sokkie nie . . .

. . . EK ÔK !!!



# Kompetisie

***Vyf bekende Affies het besluit om hulle beeld te verander. Kyk of jy hulle kan uitken. Handig jou inskrywingsvorm by kamer 19 in.***

## 'n Affieblou Maandag

- Madri Bleeker -

Daar is altyd één dag waarop alles skeefloop. As jy die oggend uit die saal kom, is jou tas geskut, want jy was te laat om dit in die klas te sit.

In die eerste periode moet jy verduidelik hoekom jy laat is. (Jy het darem weer jou tas gekry!) Tydens die tweede periode probeer jy die onderwyseres oorreed dat die hond rêrig (vir die eerste keer is dit die waarheid!) jou skrif beetgekry het. As jy dan nog tydens klaswisseling by die op-trap afhardloop en teen 'n onderwyseres bots, begin hierdie blou Maandag al hoe meer na 'n mislukking lyk!

Wanneer jy na pouse net effens laat is vir die toets (waarvan jy vergeet het), beloof die onderwyseres om 5% af te trek. (Jy gaan nie eers 5% kry nie, so wat maak dit nou eintlik saak?)

Aan die einde van die dag wanneer jy met jou swaar tas van die tweedelaaste trappie afspring en oor die rooi stoep gly, weet jy dat om Affieblou te dra, somtyds báie van jou kan vra!

## "Academic corner"

- Karin Jordaan

1) She feels her vacation /vocation in life is to be a teacher.
2) Our schoolday starts at 7:30 each mourning /morning.
3) Miss McLean uses currents/currants when baking a cake.
4) Cold has no affect /effect on miss du Plooy.
5) Mrs Dorey never looses sent/scent of the culprits.
6) Mrs Troskie is definately not plain/plane and dull.
7) Were you struck by lightning/lightening, mrs Geldenhuys?
8) Mrs Bauer puts the meal into bowls/bowels.
9) Beware miss Venter - nobody will bail/bale you out, should you land in jail.
10) We all envy your thin waste/waist, mrs Human.
11) Remember miss van Oostenrijk - go straight /strate home after the date.
12) It was her big day when mrs van Rooyen walked down the aisle /isle.
13) You should hear mrs van Eeden ball/bawl at the top of her voice.
14) Miss Niebuhr speaks with a German ascent /accent.
15) Every morning mrs Hattingh reeds/reads the letters.
16) Affies believe in flower/flour power.

Solutions:
1) vocation 9) bail
2) morning 10) waist
3) currants 11) straight
4) scent 12) aisle
5) effect 13) bawl
6) plain 14) accent
7) lightning 15) reads

## Stroomlangs

-Mej. Niebuhr, die matrieks wil graag meer hoor oor Stefaans...
- Op die koorkamp het Hanlie vir die eerste keer in drie jaar haar nagklere onthou...of het sy? Het jou, Hanlie!
-Jean Els laat haar naels blykbaar groei omdat dit haar help om beter te swem, vinniger aan die swembadrand te raak, of die opposisie vinniger uit te skakel..
-Marleen Zarrabi sal ook enigiets doen om in Stroom-op te kom, of hoe sê ons Marleen?
-Hanlie, ons wil graag al die goed wat jy kwyt raak in Stroomlangs aanhaal, maar die meeste goed het 'n 2 - 18-ouderdomsperk. Werk asb. 'n bietjie hieraan!
-Mev Brummer ontvang 'n spesiale Ondersteuns-Afrikaanse-afkortings- toekenning vir volgehoue ondersteuning tov "ten aansien van".
-Hanlie begaan haar soveelste flater hierdie kwartaal - vra haar gerus uit oor versamelings subtropiese vrugte se verband met Chris Barnard se "Slaaptydstorie".
-Ons sien met verwagting uit na die dag wat Sintiché iets anders as 'n






mango eet...

Al die st.9's haat die "f"-woord - fondsinsameling


Die onkundige st. sessie wou weet: "Is Boerneef Juffrou Venter se kêrel?"

- Rhoneo, Rhoneo, wherefore art thou Rhoneo?





Enigiets is beter as skool?




## "O, die pyngedagte !"

Met apologie aan Totius

- Bö en Slick -

Die bloed vloei polsend
deur my toegeslane vene
na die aortas in my cerebrum (brein)...

O, die pyngedagte!

My breinselle dryf zombiaal
in serebrospinale vog
rond
op soek na formules en
antwoorde...

O, die pyngedagte!

My enigste breinsel
denatureer
in my vakuum wat ek 'n
kop noem.
Die klok fibrilleer, sirenes
in my kop
loei: Jy druip! Jy druip!
en my oningevulde Skei-Nat-vraestel
word gekonfiskeer...

O, die pyngedagte!

# WAAROM. . .

- Madri Bleeker -

Waarom...
...is daar dogters wat net halfmas in die saal opstaan?
...is daar die wat so oorlaai is met blomme dat hulle glad nie kan opstaan nie?
...is die skool se blomme mooier as die by jou huis?
...groei die blomme beter by die skool?
...sal jou vriendin net van die skool se blomme hou?
...word die afgelope ses dae se etes tydens één pouse by die skool ingehaal?
...sê jy iets leliks van iemand wat reg agter jou staan?
...is die onderwyseres afwesig op dié dae wat jy wel jou huiswerk gedoen het?
...is voog nie langer dat jy àl jou huiswerk kan doen nie?
...sien die onderwysers jou net raak wanneer jy nié oplet nie?








Die Matrieks berei voor vir die verkiesing

## Valentynsdag


- Liesel Bö en Simone Potgieter

Nee! Nee! Alweer 'n nagmerrie! Een met skop! Ek staan op en sluip in my "I'm a lovebug"-"nightie" na die posbus oop. Is daar of is daar nie? Het hy of het hy nie? Die posbus gaap swart en leeg en sê: "NOT!"

By die skool word die briewe deur Boys High "hunks"...en Seunshoër afgelewer. Ek val omtrent in die voorportaal neer, klim die mure met my tande uit, terwyl die gedenkvenster toewasem van my hiperventilasiedampe. Ek loer in die boks...en hy gaap swart en leeg en se: "NOT!"

Die matrieks gaan vroeër ... oorkant toe. (Jippie-skippie.) In desperaatheid vergryp ek my aan Willards en dit brul van smaak! 'n Vloedgolf grys en groen kom uit die klaskamers geroppel. Dit word dof om my - my bril wasem toe. Tussen die geure van "Brut - essence of men", "Storm" en "Ego", hoor ek 'n stem fluister: "NOT!"

Ek wag op my ridder op 'n wit perd - toe kom die bus. Ek klim op - en die enigste oop sitplek is langs 'n Tuks-student. Hy kry snuf in die neus: "Impulse?" vra hy. "Nee, " sê ek, "Haze Dry Fresh." 'n Rukkie stilte volg..."Watter soort?"



## Huismoles

— Scrooge

**Vroumense! "You can't live with them, and you can't live with them!"**

Die insident by die Polisie Kollege het nou maar net weer bewys dat die moeilikste spesie op aarde om te verstaan, meisies is. Om te dink dat hulle so tekere kan gaan oor 'n bietjie water. Meisies is net soos katte: hulle haat water, is nooit bly om mens te sien nie, maar hulle is lekker om aan te vat.

Al wat daardie dag gebeur het, was 'n misverstand. Iemand het 'n asblik vol water vlak agter die meisies neergesit. 'n Anonieme seun dog toe dat dit 'n skimp is van die meisies om hulle af te koel, (want mens weet mos nooit wat hulle wil hê nie). Duidelik was hy verkeerd, want van daardie water het by party mense se vonkproppe uitgekom en verder kan jy vir jouself dink wat gebeur het.

Gelukkig het niemand verdrink nie.


## Koorkamp

**Daar was 'n kamp, by die Braambos, waar daar gesing is, gespeel is, geoefen is, geswem is, gesokker is, gejol is, geëet is en min geslaap is.**

Die lede van die hoogaangeskrewe organisasie wat dit meegemaak het, het baie daarby gebaat.

## Wie loer, kry niks!!





*Soos julle kan sien, het ek nie veel gegroei van st 6 af nie!*

# Die Jongspan

— Stefan Esterhuyse



## 1 + 1 = 5

**Op 12 Januarie 1994 het ongeveer 200 standerd sesse met gemengde gevoelens Affies se booghek binnegestap. Niemand het eintlik geweet wat op hom wag nie. In ons laerskole was ons darem 'iets' skielik was ons 'niks'.**

Sommer met die intrapslag, nog voor die skool begin het, het vriendelike prefekte ons beveel om die skoolgebou om te stoot! Daarmee het ons nie ver gekom nie. Tydens saalopening was elke st 6 vreeslik bewus van homself en sou hy die kans kry om pad te gee, sou hy dit beslis gedoen het. Alles was so vreemd, en dan het ons nog die 'swaard van oriëntering' oor ons koppe gehad!

Afgesien van die gesoek en geskarrel om by die regte klasse uit te kom en nie die onderwysers te ontstel nie, was pouses ons grootste vrees. Die meesters het ons baie goed laat verstaan wie is baas en wie is klaas. Om sitvlak te stamp is die beste manier om 'n arrogante outjie 'n les te leer. Oriëntering is 'n goeie leermeester, want sodoende leer 'n mens in twee weke wat jou andersins dalk twee jaar sou neem.

Eers het ons dit as 'n straf beskou toe die meesters sê dat al die atletieken krieketbyeenkomste bygewoon moet word, maar ons het uitgevind dat dit eintlik lekker is. In werklikheid het hulle dit gedoen om ons deel te maak van Affies, asook om ons trots te maak op ons skool en ons maats te leer ken. So word 'n Affie-karakter gebou.


Die ontheffing op 27 Januarie was vir die sesse 'n besondere geleentheid. Na die groentjiekonsert is ons volwaardig ingelyf by die 'Affie Boys'.




## Vibrator X I 2000

* Vinnig en Betroubaar
* Sien die resultate in slegs 10 minute
* "Dit werk vir my, dit sal vir jou werk!"

Voor Na




# Die toets vir 'n Ware Affie

1. Jou meisie los jou. Jy ...
a) smeek dat sy moet terugkom
b) gaan praat met haar beste vriendin
c) verdiep jou in die akademie
d) gaan kuier saam met die manne.

**2. Iemand skree "Magnolia!" Jy ...**
a) maak of jy dit nie gehoor het nie
b) kyk of daar onderwysers naby is
c) skree ook
d) hardloop.

**3. Iemand sê jy's "zef". Jy ...**
a) sê vir hom dieselfde
b) sê vir hom iets ergers
c) lag hom uit
d) bring 'n paar veranderinge aan sy gesig aan.

**4. Wat doen jy pouses?**
a) speel handjietennis
b) sit langs die saal
c) lees in die mediasentrum
d) woon vergaderings by.

**5. Wat is vir jou die moeilikste ?**
a) Mev Ferreira se Chemietoetse.
b) Mnr Kriek se Wiskundehierogliewe.
c) Mnr Myburg se IK-toetse.
d) Verkeerspolisie se handtekens.

**6. Jou gunsteling sanger is:**
a) Pavarotti
b) Michael Jackson
c) W Axl Rose
d) Gé Korsten.

**7. Jou, rolmodel in die lewe is:**
a) Peter Pan.
b) Sylvester Stallone.
c) die onbekende held.
d) jyself.

**8. Jou droommeisie lyk soos ...**
a) Michelle Pfeifer.
b) Boy George.
c) Dolly Parton.
d) Elana Meyer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | a)1 | b)0 | c)3 | d)2 |
| 2. | a)0 | b)2 | c)3 | d)1 |
| 3. | a)0 | b)1 | c)2 | d)3 |
| 4. | a)1 | b)0 | c)2 | d)3 |
| 5. | a)0 | b)3 | c)1 | d)2 |
| 6. | a)2 | b)1 | c)0 | d)3 |
| 7. | a)1 | b)2 | c)3 | d)0 |
| 8. | a)1 | b)2 | c)0 | d)3 |

**0-9**

1Jy hoort nie hier nie. Jy en jou vriende (as jy het) dra gypas, luister Techno.

**9-18**

Probeer om die vonkel in jou lewe terug te sit.

**18-27**

Jy is die ideale-Affie: Jy doen jou eie ding en jy doen dit soos JY wil!

## AFFIE-MANNEKOORFEES

**Saterdag 28 MEI**

**(nuwe sportsaal)**


HTS DE WET NEL
RANDBURGSE MANNEKOOR
HTS VEREENIGING
PRETORIA SERENADERS
KANARIES
POLISIE MANNEKOOR
GREY KOLLEGE
WELSH MALE CHOIR
AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

**Bespreking open Maandag, 25 April, by die skool.**

**MOET DIT NIE MISLOOP NIE!**

## Interhoër Swemgala

- Hanlie du Plessis -



Ten spyte van ons ondersteuning by die swem (geskiedenis is gemaak!), was 1994 die jaar waarin Blou en Wit by Hillcrest was.

Met die puik dirigente en toffies as aansporing, het Meisieshoër vinnig bewys dat Atletiek Geesbekers nie 'n druppel verskil maak aan gees wat werklik uit "Eendrag maak mag" spruit nie. Gevolglik was die son, die Seuns en die water nie genoeg gewees om ons gees te demp nie en het die aanmoediging duidelik die swemmers aangehelp.

Spesiale melding moet gemaak word van die st.6e wat in hul rooiknoopmassas opgedaag het. Hulle het ook in die swembad gewys dat hulle 'n belangrike deel vorm van Affies!

Ons sien haar swem!

# Stem jy AHM of AHS?

- Elmien Kraamwinkel -


Slegs twee weke voor die massa-saamtrek van verskillende partye op die Pilditch-stadion, het onenigheid losgebars tussen twee van die belangrikste rolspelers - die AHM- en AHS-partye. Alhoewel beskuldigings steeds oor en weer geslinger word oor wie presies "die eerste klip gegooi het", blyk dit dat die AHS-ondersteuners eerste tot aksie oorgegaan het op 'n onlangse "vriendskaplike" byeenkoms by die Polisie-kollege se velde. Hierna het AHM, anders as gewoonlik, nie op hulle laat wag nie.

'n Groot banier ter bevordering van die Affie-vroue-liga, is eerste middeldeur geskeur. Na beraadslaging het Ig. besluit om die AHS-banier in die hindernisbaan se water te dompel (sonder om enige permanente skade aan te rig). Dit was egter te veel vir AHS-ondersteuners en minder as 'n uur later is die Affievroue deur twee konkas water oorstroom. Vir eers was 'n paar vure uitgedoof, maar gemoedere het hoog geloop en die oënskynlike vrede was net tydelik.

Die werklike drama het gevolg na afloop van die byeenkoms toe die Affie-vroue-liga, met AHS se persoonlike partylied losgetrek het. Vir patriotiese AHS'e was dit "onvergeeflik" en talle dreigemente is rondgeslinger.

Na afloop van indringende samesprekinge tussen partyleiers die volgende Maandag, is tydelike konsensus bereik oor sekere dreigemente, maar wie was nou eintlik reg? Besluit maar self en stem daar ooreenkomstig.




# Skotte + Dwergies = Gees!

- Madri Bleeker



Seuns, sit mooi!

Wat is dit wat toeskouers vir ure aanmekaar laat sit en sing en atlete dwing om te presteer? Gees! Daarvan het die "Dorp" sowel as die "Koshuis" oorgenoeg gehad tydens Interhuis.

(On)gelukkig werk dit so dat nie almal wenners...of verloorders is nie. Na ure se sing in die warm son (sonder die begeleiding van doedelsakke) is die "Dorp" se moeite beloon. Hulle het met die **Geesbeker** wegge(hard)loop.

Die Koshuis het nie met leë hande huis toe gegaan nie. Inteendeel hulle het nie net één Atletiekbeker gewen nie, maar sommer albei.

Met puik prestasies - veral van die standerd sesse se kant - is vorige rekords verbeter. Dit bewys weer eens dat standerd sesse, oriëntering "sing songs" net prestasies kan oplewer.

Die noodhulpspan het saamgespan om enige spanning te verlig. Ouers het deurentyd heerlike kos verkoop om hongerpyne mee te verlig.

Die onderwyseresse het hulle kant gebring, in die son gebraai en die leerlinge het koning(in) gekraai.

Na so 'n uiters geslaagde dag sien almal met verwagting uit na die atletiekseisoen.



## Atletiek '94

- Liane Mulder

1994 Atletiek - weereens onvergeetlik? Dit was 'n atletiekseisoen waarin talle kinders hulle topprestasies van die verlede nogmaals verbeter het.

Anél van Niekerk, ons atletiekkapteine meen dat ons hierdie jaar baie goed gevaar het as 'n mens in ag neem hoeveel atlete hierdie seisoen ge-oefen het.

Namens die Stroom-op-redaksie , al die Affies en onderwysers wil ons net die atlete en afrigters van 1994 bedank vir al die tyd en opofferings wat hulle moes maak tydens hierdie uiters suksesvolle, pas afgelope atletiekseisoen! Baie dankie dat julle vir ons as ondersteuners soveel plesier verskaf het wanneer julle die ander skole se "sterre" laat les opsê het!

Ons sien uit na nog 'n wonderlike seisoen.

# "Sing-Songs", watter "Sing-Songs"?

- Ria van Wyk

Vir die eerste keer in 'n lang tyd in Affies se geskiedenis, het daar hierdie jaar geen "sing-songs" plaasgevind nie - in elk geval nie van dié waar daar meestal koshuiskinders opdaag en dit op die ou end net 'n ge-"social" is nie. Omdat die seuns gemeen het dat sulke "sing-songs" nie vrugte afwerp nie, het die meisies ook maar besluit om van dié gebeurtenisse af te sien, want wie gaan nou by 'n "sing-song" opdaag as daar niks is om na te kyk nie?

Na afloop van 'n besonder suksesvolle Interhoër vir beide Affie-skole mbt die gees, kan 'n mens aflei dat gemengde "sing-songs" doelloos was. Die meisies, wat die 4e Maart



baie goed gevaar het, het Vrydae-pouses, en soms in JW-periodes in die saal byeengekom en al hangende aan Alrita se lippe, nuwe liedjies geleer en gees gevang. Hierdie binnenshuise "sing-songs" was voorwaar funksioneel, want vir die eerste keer het die meerderheid van die matsitters hulle volle aandag aan die hoofdirigent gewy. Of dit nou Alrita, of die binnenshuise byeenkomste was wat die verskil gemaak het, sal julle self moet besluit.

# A-Liga Interhoër Swemgala

Die swemspan het by die Hillcrest Swembad aan die jaarlikse A-Liga Interhoër Gala deelgeneem en uitmuntend presteer. Van die 25 items waaraan die seuns deelgeneem het, het die seuns in 5 items eerste plekke behaal, in 10 items tweede plekke, in 3 items derde plekke, en in 4 items virde plekke. In 3 items is vyfde of sesde plekke behaal.

Christo Janse van Rensburg verbeter ook die rekord vir die seuns O/15 50m borsslag.

Eerste plekke is behaal deur: Christoff J van Rensburg (S O/15 50m borsslag) Byeenkomsrekord; Johannes Eramus (S Ope 100m borsslag); Dewald Eksteen (S O/16 vlinderslag); H Tryhou, J Eramus, L Fouche en A J v Rensburg (Ope Wisselslagaflos); P Rothman, S Jooste, W Roos en D Eksteen (S O/16 vryslagaflos).

Tweede plekke deur Dirk Dircksen (o/15 vryslag), Paul Rothman (O/16 rugslag), Reyneke van Renburg (O/14 vryslag en vlinderslag), Retief Burger (O/15 rugslag) en 5 aflosse.

Van die agt aflosse het Affies in 7 'n eerste of tweede plek behaal.

Die finale puntestand van die onderksie skole:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Boy's High A | 261 |
| 2. | AHS | 249 |
| 3. | Menlo Park | 203 |
| 4. | St Alban's College | 159 |
| 5. | Willow Ridge | 153 |
| 6. | Boy's High B | 152 |
| 7. | Deutche Schule | 112 |
| 8. | The Glen High | 92 |
| 9. | Boy's High C | 90 |

In 1993 het Boy's High, Menlopark en St Alban's Affies gewen. In 1994 wen Affies Menlopark met 46 punte, St Alban's met 90 punte en eindig slegs 12 punte agter Boy's High. Die kanse is goed dat Boy's High in 1995 onttroon gaan word as die beste swemskool (Afrikaans en Engels) in Pretoria ...

By die aankondiging van die finale uitslae was die Affie-ondersteuners so oorstelp van vreugde, dat hulle almal in die swembad gespring het (Elrita ook) en seker gemaak het dat die Engelse skole weet wie Affies is deur die skoollied aan die vlakkant van die Hilcrest te sing.

## 1994-Swemprestasies

Johannes Erasmus st 10
— Noord-Transvaalspan vir Interprovinsiale te Ladysmith, Carltonville en Brakpan.
— Noord-Transvaal Hoërskoolspan vir SA's te Pretoria.
2e 100m borsslag, 1e 200m borsslag by die Noord-Transvaalproewe.
— Gekies vir Noord-Transvaal Seniorspan vir Durban SA kampioenskappe.
4e 100m borsslag, 1e 200m borsslag.
— Ontvang Federasie — ereklere 3 jaar lid van die Noord-Transvaal Seniorspan.
— Neem deel aan die SA Junior kampioenskappe te Bloemfontein.
4e plek 200m borsslag.

Christoff Janse van Rensburg st 7
— Noord-Transvaalspan vir Interprovinsiale: Ladysmith, Carltonville en Brakpan.
— Noord-Transvaal Hoërskolespan vir SA's te Pretoria.
11e 100m borsslag, 3e 50m vryslag.
— Suid-Afrikaanse Junior kampioenskappe.
2e 100m borsslag, 3e 200m borsslag, gekies vir die Suid-Afrikaanse Juniorspan na Australia.

Reineke Janse van Rensburg st 6
— Gekies vir die Noord-Transvaalspan vir Interprovinsiale deelname.
— Gekies vir die Noord-Transvaalspan vir SA's te Pretoria.

## *Atletiek : vanaf bl 1*

Ons het verlede jaar gesê Affies se atletiek is die beste in die land. Uit die ranglys van dié jaar, kan 'n mens egter duidelik sien dat Affiesatletiek steeds besig is om te verbeter. Die atlete het baie beter posisies by die Direkteursbyeenkoms behaal en sodoende vir die beste puntetotaal nog gesorg. Daar was ook baie meer prestasies wat meer as 900 punte op die Sasoltabel verdien het. Daar was veral 'n groot verbetering in die velditems en dit is hier waar Affies eintlik die punte opgestapel het.

Aantal plekke behaal:

| | |
|---|---|
| Eerste | 17 |
| Tweede | 15 |
| Derde | 9 |
| Vierde | 8 |
| Vyfde | 6 |
| Sesde | 3 |
| Sewende | 1 |


**Werner Booysen** verras vriend en vyand op Interhoër en wen teen die verwagtinge in die 300m hekkies o/16. As bonus word hy ook as die Senior Victor Ludorum by Interhoër aangewys. Wat 'n puik voorbeeld van talent, temperament en "Affie Guts".

Affies het ook sy kwota atlete gehad wat van niks af iets geword het, deur baie ure se harde oefeninge. Die manne het nie net vir Affies oneindig baie beteken nie, maar ook 'n goeie voorbeeld gestel van wat toegewyde, harde werk vir 'n atleet kan vermag. Dit het vir hulle 'n geleentheid gegee wat hulle gereed maak vir die lewe en altyd onthou sal word. Hier bring Affies graag hulde aan manne soos: David Plews, Theo Ferreira, Corné Kloppers, Rienier Visagie, Theo Gerdener, Chris Brink, Tokkie Meyer en Willem Roos.



*Werner Booysen seil oor die hekkies.*

**Johannes van Wyk,** Affies se jong reus het sover die jaar met twee Noord-Transvaalrekords klaargespeel. Hy het in die gewigstoot o/14 'n fenominale afstand van 16,56m behaal. In die diskusgooi het hy by Pietersburg op sy Noord-Transvaal rekordafstand verbeter en die diskus 51,42m ver laat grondvat. Net om sy veelsydigheid te wys wen hy toe ook die spiesgooi o/14 en verdien sodoende vir die span 21 waardevolle punte.



*Riaan Olckers in aksie.*

## N Tvl Kampioenskappe

— Mnr Hennie Kotze

**Afrikaanse Hoër Seunskool het by die Noord-Transvaal Junior Atletiekkampioenskappe die beste nog ooit presteer.**

Nege seuns is na afloop van die kampioenskappe aangewys om Noord-Transvaal by die SA Junior kampioenskappe op 8 en 9 April 1994 in Bloemfontein te verteenwoordig.

Noord-Transvaalspan: Corné Kloppers 100m, 200m en aflos O/17; Werner Boshoff 300m hek O/17; Lourens Visser 110m hek en HS O/17; Riaan Olckers Gewigstoot en Diskusgooi O/17; Christiaan van der Watt 800m O/17; Grant Esterhuizen 100m Verspr en aflos O/19; Dirkie Strydom Verspring en Driesprong O/19; Johan Aucamp Paalspring O/19; Francois Strydom 1500m O/19.

Vyf seuns is ook aangewys om Noord-Transvaal by die Eenheidskampioenskappe in Durban te verteenwoordig: Dirk Dircksen 100m en 200m hekkies O/15; Kobus vd Westhuizen Spiesgooi O/15; Riaan Olckers Gewigstoot en Diskusgooi O/17; Christiaan vd Watt 800m O/17; Dirk Strydom Driesprong en Verspring O/19.

# Skaak



**Vyf skaakspelers: Johan Steenkamp, Leon Beukes, Coenraad Bezuidenhout, Piet-Hamman Spies en Jacques Malan het gedurende die Desembervakansie aan die Suid-Afrikaanse Skaakkampioenskappe deelgeneem.**

Die Noord-Transvaal A-span eindig tweede in die A-afdeling; die B-span derde in die B-afdeling en die C-span tweede in die C-afdeling.

Die Affies presteer ook individueel baie goed:

**Johan Steenkamp** — Verower die bordprys vir bord 4 met 3½ uit 5 in die spankompetisie. In die o/16 A-seksie individuele afdeling deel hy die tweede plek met 5½ uit 7. Hy verloor nie 'n enkele spel in die hele toernooi nie.

**Jacques Malan** — Behaal 'n skitterende 4½ uit 5 in die spankompetisie. Hy het 4 uit 7 in die o/18 B-seksie individuele afdeling. Hy wen die bordprys op bord 7 in die B-afdeling.

**Leon Beukes** — Behaal 3 uit 5 in die spanafdeling. In die individuele afdeling o/18A behaal hy 3½ uit 7.

**Coenraad Bezuidenhout** — In die B-afdeling spankompetisie het hy 2 uit 5 behaa! en in die o/18-individuele afdeling 2½ uit 7.

**Piet-Hauman Spies** — Behaal 1½ uit 5 in die B-afdeling spankompetisie en 2½ uit 7 in die o/18 B-individuele-afdeling.

## *Oud-Bok : Hennie Kotze*

— Amir Zarrabi

**Oud-Springbok hekkiesatleet en tans onderwyser by Affies, mnr Hennie Kotze, se sukses as afrigter het weer onlangs onder ons aandag gekom toe vier van sy atlete op vanjaar se verskillende bonde Interhoërs as Victor Lodorums gekroon is.**

Mnr Kotze spog met 'n beste tyd van 49,26 sek oor die 400m hekkies — die derde vinnigste tyd in Suid-Afrika tot op hede. Alhoewel by steeds nou en dan self 'n wedloop of twee hardloop, is hy egter 'n ywerige hekkiesafrigter by Affies.

Sy sukses as afrigter blyk duidelik uit die besondere prestasies wat sy atlete behaal. Werner Booysen en Dirk Dircksen het beide by vanjaar se A-bond Interhoër die gesogte Victor-Lodorum toekenning ontvang.

Atlete van ander skole oefen egter ook by hom en behaal net sulke goeie prestasies: Sanette Scheepers van die Hoërskool Eldoraigne het tydens die C-bond Interhoër die Victrix Lodorum toekenning ontvang vir haar 100m H en 300m H, en Adriaan Botha van die Hoërskool Verwoerdburg is tydens die B-bond Interhoër as Victor Lodorum aangewys vir sy 300m H. Mnr Kotze rig verder ook 'n paar studente en enkele middelafstand-atlete af.

Affies is baie dankbaar vir die onbaatsugtige diens wat mnr Kotze elke jaar op die atletiekbaan lewer. Sy ywerigheid en belangstelling spoor al die Affie-atlete aan om elke wedloop net die beste vir sy skool te gee.




## ATLETIEKRANGLYS

**Alle prestasies wat sover die seisoen meer as 900 punte op die Sasoltabel verdien het.**

| Plek | Naam | Item | Oud | Tyd/Afst Hoogte | Byeenkoms | Sasolpunt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Dirk Dircksen | 100m Hek | O/15 | 13,26 sek | Dir | 1200 |
| 2 | Johannes van Wyk | GS | O/14 | 16,70 m | N. Tvl | 1175 |
| 3 | Johannes van Wyk | DS | O/14 | 52,00 m | N. Tvl | 1090 |
| 4 | Wenner Booysen | 300m Hek | O/16 | 38,83 sek | Dir | 1070 |
| 5 | Wenner Boshoff | 300m Hek | O/17 | 38,11 sek | N. Tvl | 1065 |
| 6 | Dirk Dircksen | 200m Hek | O/15 | 25,65 sek | Inter | 1065 |
| 7 | Quintis Pieterse | 80m Hek | O/14 | 11,72 sek | N. Tvl | 1060 |
| 8 | Riaan Olckers | GS | O/17 | 16,68 sek | Inter | 1005 |
| 9 | Christiaan v.d. Watt | 800m | O/16 | 1.55,6 sek | Liga | 990 |
| 10 | Grant Esterhuizen | VS | O/19 | 7,25 m | Dir | 975 |
| 11 | Jannie Gouws | 200m | O/14 | 24,10 sek | Dir | 965 |
| 12 | Francious Strydom | 1500m | O/19 | 3.56,0 sek | Liga | 965 |
| 13 | Quintis Pieterse | 200m | O/14 | 24,10 sek | N. Tvl | 965 |
| 14 | Wilhelm v. Niekerk | 100m | O/14 | 11,80 sek | Inter | 945 |
| 15 | Roezelt Jordaan | HS | O/15 | 1,85 m | N. Tvl | 940 |
| 16 | Eugene Marx | VS | O/16 | 6,73 m | Inter | 940 |
| 17 | Corné Kloppers | 200m | O/17 | 22,19 sek | Dir | 935 |
| 18 | Kobus v.d. Westhuizen | SG | O/15 | 57,58 sek | Dir | 925 |
| 19 | Willem Roos | 800m | O/16 | 1.57,7 sek | Inter | 920 |
| 20 | Jannie Cloete | 3000 Hek | O/19 | 8.59,7 sek | Dir | 910 |
| 21 | Gerhard Möller | 100m Hek | O/16 | 13,26 sek | Dir | 905 |

## << Sportman >>

### Grant Esterhuizen



**Grant Esterhuizen: koshuisprefek, onderhoofseun, Standerdraadslid, Noord-Transvaal Judo spankaptein en dan volg hy in sy outboet, Graham, se voetspore as atletiekkaptein. En het hulle die Affies-atlete nie tot hoë, hoogtes gelei nie!**

Hierdie skaam, beskeie presteerder is 'n veelsydige mens met vele prestasies op sy kerfstok in spansport sowel as in individuele sportsoorte.

Reeds op vierjarige ouderdom het hy met judo begin en gou uitgeblink. In 1992 en 1993 behaal Grant Noord-Transvaal en Junior Springbokkleure in judo. Hy het 'n tweede plek as Junior Springbok in Frankryk (1992) behaal en so die kroon gespan baie jare se toewyding, op oefening en deursettingsvermoë.

Muurbal, nog een van die vele sportsoorte wat Grant beoefen, bring vir hom in 1990 Noord-Transvaal kleure. En nog is het einde niet!

Grant is ook atletiekspankaptein van Affies se wenspanne wat die Interhoër en Direkteurstrofee oorwinnings in die anal van die geskiedenis opgeteken het. Hy was ook lid van die Noord-Transvaal Eerste Atletiekspan wat die liga gewen het. Dit is natuurlik glad nie 'n verrassing dat hierdie kranige sportman ook in atletiek Noord-Transvaal kleure verwerf het nie.

In sy gunsteling spansportsoort, rugby, blink die blitsige senter as individu en spanmaat uit. Hierdie jong voorloper is 'n gewilde spanmaat en openbaar deurgaans 'n navolgenswaardige sportmangees. In 1993 het hy sy debuut in die eerste rugbyspan gemaak en was ook lid van die Cravenweekspan. Dis beslis nie nuus dat hy nog 'n keer die eer te beurt geval het om Noord-Transvaal kleure te verwerf nie. Moed en spoed ...

Gelukkig het Grant so tussendeur ook tyd vir al sy ander belangstellings: diere, musiek en mense (veral meisies)!

Sy talente word nie onder 'n maatemmer verberg nie en hy glo om elke dag voluit te leef. Grant glo om alle aangebode kanse te benut.

Hy is dankbaar vir elke talent en geleentheid en streef daarna om in sy handel en wandel sy dank aan sy Skepper te betuig.

# Drie keer goud vir Dirk

**— Amir Zarrabi**




**Dirk Dircksen het tydens 1994 se A-bond Interhoër nie minder nie as drie goue medaljes verower, en het met die louere weggestap.**

Dirk het reeds in 1993 as kranige atleet besonder goeie prestasies behaal, as leerlinge aan Potch Gimnasium. Sedert hy die begin van vanjaar by Affies ingeskryf het, het hy 'n groot uitblinker, veral op die atletiekbaan, geword, en spog hy met Sasol-puntetabeltellings van so hoog as 1 175 punte.

Tydens vanjaar se vriendskaplike atletiekbyeenkomste het Dirk telkemale in sy spesialisitems (100 m/H en 200 m/H) eerste plekke en uitstekende tye behaal. Op Interhoër het hy egter vriend en vyand verras toe hy, nie net in die kort hekkies nie, maar ook in die 100m, stof in die ander se oë geskop het en met die goue medalje weggestap het. Tydens Interhoër het hy die gesogde toekenning van Victor Ludorum ontvang vir sy uitstekende prestasies.

Maar agter dié skitteratleet is ook 'n veelsydige sportman. Dirk speel graag skaak, basketbal en rugby en het Affies vanjaar op die streekkompetisie as junior redenaar verteenwoordig en 'n B+ simbool behaal. Verder het hy ook tydens 1994 se top-tien swembyeenkoms 'n silwer medalje verower.

Affies is baie trots op Dirk, en ons hoop en vertrou dat daar 'n blink toekoms as sportman vir hom wag.

## Affie-Bok

**Pieter Steyn**

**Christoff Janse van Rensburg is gekies vir die Junior Springbokswemspan.**

Hy het sy eerste gala in graad een geswem. Vandaar het sy liefde vir die sport begin en het hy sy talent verder ontwikkel. Hy was 'n Kapenaar tot en met standerd een. In standerd vier het hy vir die eerste keer sy Noord-Transvaalkleure verwerf en so ook die Noord-Transvaalspan gehaal. In standerd ses breek hy drie Noord-Transvaal rekords by die Suid-Afrikaanse Winterkampioenskappe.

Hy oefen gemiddeld twee en 'n half ure per dag gedurende die kwartaal en vyf ure in die vakansie. Vir hierdie harde oefening en toewyding verdien hy dit om vir die Junior Springbokswemspan gekies te word!

Affies is trots op hom en hou vir hom duim vas. Christoff kan as-t ware 'n Affie-bok genoem word as mens kyk na sy lang lys prestasies.



### *Goue Swemmer*

**Jean-Jacques Terblanche**

Tydens die S.A. Junior Swemkampioenskappe vir gestremdes het Jacques 6 uit 6 o/18 rekords opgestel, en 6 goue medaljes ingepalm. In die Senior mans verbeter hy die borsslag rekord met 10 sekondes.

## << Sportvrou >>

# Anthia Cronjé en Anel van Niekerk

### Sportvrouens van die kwartaal

**— Ria Potgieter**



**Anthia het gesê ek is van my dak af en Anél het net gelag. Maar dis met goeie rede dat Anél van Niekerk en Anthia Cronjé die sportvrouens van die kwartaal is en baie veelseggend dat hulle saam op Stroom-op se agterblad kuier.**

Selfs die vreemdeling in Affieland moet weet dat beide dié atlete puik prestasies agter hulle name kan skryf. Hulle groot planne vir die toekoms behels atletiek en véél meer. Anél wil graag 'n fietstoer deur Afrika onderneem, uit 'n vliegtuig "bungi-jump" (wees asb versigtig) en spoedskaats.

Anthia praat van 'n plaas en haarself as bekwame veearts en verder noem ek graag dat 'n boer ook nie uitgesluit is nie!

Elke matriek wens seker dat die vakansie aanbreek, Anél (en sien jy wense word tog waar!) Anél sou ook haar drie wense spandeer op 'n kans om deel te neem aan Die Junior Spele en 'n "hunk" vir die Matriekafskeid sou ook nie onwelkom wees nie. Anthia wil vir Nadine Fencham wen, saam met 'n boer voor die kansel staan en ... o, ja : JJ jy moet ook nie trek nie!

Toe ek uitvra na hulle ander groot liefdes, het Anthia vertel dat Andy (haar goudvis) onlangs oorlede is, maar dat Meisie (die nuwe goudvis) in goeie gesondheid verkeer. Anél het net twee woorde gesê: "My hoede!"

Uit hulle vriendskap, entoesiastiese beplanning en vele meer, glo ek hulle as hulle sê dat die lewe geen perke het nie. Affies wens julle net die mooiste toe in daardie groot kraal!

# Interhoër 1994

**Karin Jordaan**

**4 Maart — die verjaardag van talle bekende en interessante mense: die Italiaanse komponis Vivaldi, die Skotse kunstenaar, sir Henry Raeburn en die Suid-Afrikaanse argitek Gerard Moerdijk. Maar dit was nie die enigste rede waarom ons kon fees vier nie.**


Affies het tydens die jaarlikse Interhoër-atletiekbyeenkoms weer 'n puik vertoning gelewer. Ten spyte van strawwe kompetisie en 'n koel windjie, het AHMP tweede geëindig. Die finale uitslag in die dogtersafdeling was soos volg:

eerste — Waterkloof
tweede — Affies
derde — Oos-Moot
vierde — Menlopark
vyfde — Wilgers
sesde — Garsfontein
sewende — Zwartkops
agtste — Gerrit Maritz

"One Affie, one trophy!" Alrita was ons "cowgirl" van die dag — sy si aangewys as die beste dogtersdirigent. Affies het derde geëindig die geesbekerafdeling. Baie luk aan Menlopark wat die geesbeker verower het. Wees op die uitkyk, Parkies! Dit was die laaste keer!

Seker een van die wat vir groot opgewondenheid gesorg het, was die massa-aflos/ Die Die o / 14's was onseker, maar het hulle goed van hulle taak gekwyt. Maar iewers het 'n fout ingesluip. 'n Verbete poging van die O/19 seuns en dogters kon ons egter nie red nie. Waterkloof het ons met net 'n bietjie meer as 'n rapsie gewen.

Die gees was ontspanne en almal was in 'n goeie luim. Dit was voorwaar 'n suksesvolle dag en ek is seker almal het dit terdeë geniet. Ons sien met groot afwagting uit na volgende jaar.




***Yutania-Mania***

● Vervolg van voorblad

# Jean Els-Hoekie




**Jean Els het weer toegeslaan! Tydens die Noord-Transvaalse Lewensreddingskampioenskappe het sy goue medaljes verower asook 'n SA-rekord verbeter.**

Tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe het Jean 2 goue en 1 silwer medalje verower. Hier het sy ook 'n SA-rekord verbeter — haar tyd was slegs 3 sekondes van die Wêreldrekord af. Van die vier aflosse waaraan Jean deelgeneem het, het hulle drie goue medajes verower en drie rekords verower.

Jean neem een van die dae as lid van die Suid-Afrikaanse span aan die toetsreeks teen België deel.

Typographically prepared by **Wentzel Coetzer Printers** and printed by **The Pretoria News** (Pty) Ltd, 216 Vermeulen Street, Pretoria. Tel 3255382